

26 Oktober

**Skrifgedeelte: Hooglied 5:1-16
Ook Hooglied 2:7; 3:5 en 8:4**

Hooglied – lied van die liefde (3)

Gister het ons gesien dat mens nie te min mag dink van die seksuele aspek van jou menswees nie.

Kyk net watter rol die seksuele in die advertensiewese speel, asook in die flike en boeke wat deesdae op die mark kom. Dis duidelik dat ons in 'n samelewing sit waar te veel van seks gemaak word. En dit as sodanig het 'n verlamme uitwerking op normale en gesonde verhoudings tussen mense van die teenoorgestelde geslag omdat dit mense net die seksuele in mekaar laat raaksien. Dit bring mee dat jy jou maat nie as méns – met al sy of haar eienskappe en uniekhede – leer ken nie. Uiteindelik verarm dit jou verhouding.

Om te veel van seks te maak het ook 'n verlamme uitwerking op jou eie ontwikkeling as mens. Navorsing het getoon dat mense wat aan (sagte of harde) pornografie blootgestel word, verslaaf daaraan kan raak – altyd 'n drang na meer en "erger" (!) ontwikkel. Hierdie verslawing deursuur dan só 'n persoon se denke totdat daar 'n vergryp kom aan allerlei perverse seksuele belewenisse binne en buite die huwelik.

Aan die ongetroudes dan: streef daarna om deur te gesels oor seks in julle leewêreld, hierdie liefde – die liefde van die Bybel en die liefde van Hooglied – eers wakker te maak wanneer die tyd en omstandighede daarvoor reg is. Geniet dit dán ten volle as julle getroud is!

Aan die getroudes: moenie dat die wêreld om jou jou so behep maak met seks dat die liefdesverhouding met jou lewensmaat verskraal word tot 'n blote seksuele verhouding nie. Of nog erger: moenie so behep raak met die seksuele dat jy bevrediging buite die huwelik gaan soek nie! Die liefde moet wakker gemaak word wanneer die tyd daarvoor reg is – binne die huwelik!

Sing: Psalm 86:3,6

Ds GC Verhoef (Wierdapark)